Herbert Hurd Primary School — November 2016

Grade Seven — Afrikaans First Additional Language — Marks 50

# Prins Harry geniet homself in Suider-Afrika

*So gepraat van 'Prince Charming!'*

Brittanje se Prins Harry is weer besig om harte te wen (en natuurlik 'n baie lekker tyd te geniet) op sy welwillendheidstoer na Suider-Afrika.

Die rooikop Prins was in sy element toe hy vroeër die week sy toer na Lesotho en Suid-Afrika begin het.

Harry is nou in die Bergkoninkryk om sy liefdadigheidsorganisasie, Sentebale, te ondersteun. Prins Harry het die organisasie tien jaar gelede saam met sy vriend, Prins Seeiso, van Lesotho begin ter nagedagtenis aan hulle oorlede ma's, koningin Mamohato en Prinses Diana.

Prins Harry het sy vriend in 2004 by 'n kinderhuis ontmoet. Hulle het vir mekaar briewe geskryf. Die laaste keer wat die vriende mekaar gesien het was in 2014.

Prins Harry gaan die naweek in Stellenbosch polo speel om geld vir Sentebale in te samel. Later gaan hy ook die Kruger Nasionale Park besoek as verteenwoordiger van die Britse kroon om aandag te vestig op die pogings wat aangewend word om Suid-Afrika se wild teen stropery te beskerm.

Gelukkig vir ons, hou Prins Harry se gedugte mediaspan in Londen ons op hoogte van alles wat die Prins doen.

*Verwerk uit Die Burger*

**Woordeskat**

**Welwillendheid – goodwill**
**Kinderhuis – orphanage**
**Organisasie – organization**
**Stropery – poaching**
**Gedugte - tremendous**
**Liefdadigheid – charity**
**Rooikop- redhead**
**Ter nagedagtenis van – in memory of**
**Aandag te vestig – draw attention**

**Beantwoord die volgende vrae in VOLSINNE:**

1. Watter land se Prins is Prins Harry? (1)
2. Na watter twee lande het Prins Harry onlangs getoer? (2)
3. Haal 'n frase aan wat wys dat Prins Harry homself geniet *(enjoyed)* het op die toer. **(Begin met "Ek haal aan: "…")** (3)
4. Wat word Lesotho in die artikel genoem? (1)
5. Wat is Prins Harry se liefdadigheidsorganisasie se naam? (1)
6. Wat is Prins Seeiso se oorlede ma se naam? (1)
7. Hoe lank *(how long)* was Prins Harry en Prins Seeiso al vriende toe hulle mekaar in 2014 gesien het? (1)
8. Waarom gaan speel Prins Harry polo in Stellenbosch? (2)
9. Waarom, dink jy, gaan Prins Harry na die Kruger Nasionale Park toe om aandag te vestig op Suid-Afrika se stropery probleem? (2)

10. Is dit 'n feit *(fact)* of 'n mening *(opinion)* om te sê dat Prins Harry deur die media dopgehou *(followed and watched closely)* word? Motiveer jou antwoord. (2)
11. Voltooi die tabel: (volsinne is **nie nodig nie** – skryf **net die woord** langs die letter) (6)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| (a) | vroeër | (b) |
| duidelik | (c) | (d) |
| (e) | (f) | rooiste |

12. Skryf twee sinne met die woord "**arm**" om te bewys dat dit 'n **homoniem** is. (2)
13. Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor: (2)

**Prins Harry sal Suid-Afrika gereeld besoek en vir baie mense hoop gee.**

14. Skryf die volgende sin in die indirekte rede oor. (4)

**Prins Mutsu vra: "Wanneer gaan jy weer kom kuier, Prins Harry?"**

15. Skryf die volgende sinne oor met die korrekte punktuasie. Skryf die leestekens in KLEUR. (4)

**Prins william is Prins harry se ouer broer. Hulle hou van polo liefdadigheidsprojekte duur etes en partytjies.**

16. Pas die korrekte onderstreepte woorde by die korrekte woordsoort. Skryf **slegs die woord** langs die letter.

Ek gaan die rooikop Prins sien en hard vir hom hande klap. (6)

a) Soortnaam
b) Byvoeglike naamwoord
c) Voornaamwoorde
d) Werkwoorde
e) Voegwoorde
f) Lidwoorde

17. Identifiseer en benoem die volgende bywoorde volledig. (Bv. **Baie** is 'n **bywoord van graad**)

**Die Prins speel verskriklik goed polo.** (4)

18. Skryf die volgende sin van die **bedrywende vorm** na die **lydende vorm** oor:

**Prins Harry het die Kruger Nasionale Wildtuin gereeld besoek.** (4)

19. Vul die korrekte **voorsetsel** in. Skryf slegs die **letter** en die **antwoord**.

Die wildtuin moet nie **(a)** die brand slaan nie. Dit is een van die mooiste wildtuine **(b)** wêreld. (2)

***